


KAMBRO

**‘n geskiedenis in ligte trant**

## Met toestemming van Francois Stemmet is die skrywersverhale wat aan Montagu en distrik gekoppel is, uit sy boek Kambro onttrek

### Die Skotskar (Laatsrivier)

Daardie jare is ‘n skoolhoof gesien as een van die gesagsfigure in die gemeenskap. Hy, die dokter, die bankbestuurder en partykeer selfs die dominee. Maar die skoolhoof nou spesifiek …kyk, hy het ‘n groot taak gehad. Hy moes dissipline handhaaf deur die hele gemeenskap. Moenie dink dit was net by die skool nie. Hy het jou gat warm geslaan waar hy jou ookal gevang het waar jy met ‘n kattekwaad besig was. En ‘n kind het respek gehad. Nie soos vandag se kinders wat nie meer mag pakkry of gestraf word nie, nee, dan tas jy hulle menseregte aan.

Maar wag, ek gaan nie vandag ‘Pandôrie’ dinge praat nie. Ek wil by die skotskar en die witklippertjiesdraai uitkom.

Oom Danie Prins het so ‘n ou skotskar gehad, ek kan self nie mooi onthou hoe die ding presies gelyk het nie, maar ons ken almal die uitdrukking ‘n kar draai soos ‘n skotskar’. Nouja, dit was einste hy. G’n vere en sulke goed nie, net wiele en ‘n as.

My oudste broer, dit is nou Boetie en ‘n paar ander. ek dink juis een van oom Danie Prins se seuns was ook daar. Hulle twee en James en dalk was dit Robert King. Nee, nee dit sou nie Robert gewees het nie. Anyhow, hulle was so vier vyf manne. Verveeld, man. Ver van die dorp af en niks om te doen nie. En ‘n regte seun was altyd op soek na dinge wat ‘n man se gat kan laat brand. Hulle stap eendag by die skotskar verby en Boetie stop.

“Ouens, kan ‘n man nie die ding vir iets gebruik nie?”
Vra Boetie en hy bekyk die skotskar behoorlik van alle kante af. James en die ander staan nader, maar hulle weet nie waarvan Boetie praat nie. Maar hy het klaar ‘n plan.

“Ons moet die ding opsleep tot daar by die itklippertjiesdraai en dan ry ons hom tot hier onder.”

“Nou hoe de donner gaan ons hom daar kry?” vra James met sy haasbek.

Boetie bekyk ou oom Danie se beeste wat in die lusernkampie wei, en hy besef dis nie al wat hulle nodig het nie. Nee, hulle moet nog wiele kry ook. Daarmee het hulle dieselfde middag plan gemaak. Twee ploegwiele wat iemand daar in die kragstasie neer gesit het. Oom Danie het so ‘n waterkragopwekker gehad, Blerrie slim uitgedink ook. Die water is mos daar en as jy nou die water gebruik om oor ‘n waterwiel te loop wat dan nou weer sulke groot baterye laai, dan kan dit mos net werk.

Man, Oom Gielie Mathee het ‘n windlaaier gehad en hy het op dieselfde prinsiep gewerk. Nee wag, ek dwaal nou af. Hulle vat toe die twee ploegwiele, kry ‘n ysterpaal, so ‘n pyperige ding wat vir ‘n heiningpaal gebruik is. Nou, die paal het gate in gehad waardeur Pa-hulle draad gespan het. Die paal is nou dwars onder die disselboom deur vasgedraai met baaldraad. Dan is daar sommer ‘n stok deur die gate gekap dat die wiel nie tot teen die disselboom kan skuif nie. Dan sit jy nou die wiel oor die paal en aan die wiel se buitekant kap jy weer ‘n stok deur die gat. Daar is nou wel baie speling en die wiel beweeg nou maar heen en weer soos jy ry, maar hy kan nie uitval nie. Dis al plan wat hulle kon maak, want gereedskap het hulle nie gehad nie. Van stuur was daar nie veel sprake nie en jy moes maar jou lyf gooi na lings of na regs. Maar onthou, dit was nou alles wat Boetie gehóop het sou gebeur.

James bekyk die ding met sy kop so skeef gedraai.

“Maar ek twyfel nog, ons gaan sukkel om hom daar bo by die draai te kry.”

Boetie stap al aan na die beeskampie toe met ‘n vangriem oor sy skouer. Hulle bring twee osse tot by die skotskar en span hulle in. Sommer so losweg met ‘n riem oor die nek wat dan so onder die pens deur tussen die agterbene deur loop en aan die ysterpaal-as vasgemaak is. Daardie gedeelte was nie moeilik nie, want die beeste was mak en gewoond aan die soort ding.

Toe klim hulle op en een ou moes die beeste lei. Gewoonlik die kleinste van die lot. Gelukkig was ek nog te klein om te help.

Weet jy, ek dink dis waar die regering afgekyk het hoe om die kleintjies te boelie. Huh uh, ek gaat nie in daai strik trap nie. Nee, ‘n man kan dink wat hy wil, maar ‘n stil bek is ‘n heel bek. Hulle het wragtag soos James voorspel het, gesukkel om die ding bo te kry, maar *practise makes perfect*.

Na die derde, vierde keer sou jy sweer hulle doen dit elke dag. Maar laat ek nou verduidelik hoe werk dit. Hulle kom nou bo, dan span hulle eers die beeste uit, want die goed is te stupid om te *reverse* en so aan. Dan moet een outjie, gewoonlik weer die kleintjie, die beeste vashou. Die ander spring op die skotskar en ry teen die bult af. Maar reg onder in die drif het die pad so ‘n dip gemaak. Die skotskar het teen daai tyd so blerrie vinnig gehardloop dat hy nie die dip kon maak nie en hy’t sommer so in die lug op getrek en oorkant die dippie weer op die pad beland. Die wat nie afgeval het nie, het saamgery tot in die dik sand, waar die ding gaan staan het. Dan begin die hele proses weer van voor af. Solank hulle die skotskar omgedraai het, het die een outjie die osse van bo af afgebring en dan word hulle weer ingespan.

Nou weet jy, ‘n mens kan ‘n skoolhoof ook nêrens heen vat nie. Meneer Kolver, dis nou ons skoolhoof, was ‘n goeie ou, maar hy’t altyd op die onmoontlikste tye op ‘n plek opgedaag. Dié middag kry hy dit nou in sy kop om op daardie ou grondpaadjie tot verby die witklippertjiesdraai te kom ry met sy 1935 fordjie. Putte, putte, putte kom hy teen die bultjie op en die skotskar is net weer op pad ondertoe. Van uitdraai kan jy vergeet en aan stop moet jy nie eers dink nie. Nee, al stop vir daardie skotskaar was onder in die duik in die dik sand.

Meneer Kolver sien die ding aankom en hy besef hier’s nou bollie. Die manne op die skotskar hoor net “Blikseemm!” Die ou Fordjie hoes poep en knor en foeter van die pad af daar tussen

die groot klippe in aan die onderkant van die pad. Boetie en die res is verby op die skotskar. Hulle kon net meneer Kolver se groot gerekte oë sien in die verbygaan, maar hulle't nie tyd gehad om te sê "dag Meneer" nie. Toe die skotskar daar in die dik sand stop, is hulle af en sleep die ding agter die kragstasie in en pak bosse op hom om hom weg te steek.

Intussen het meneer Kolver die ou Fordjie weer aan die gang gekry en op die pad. Hy kom stadig teen die bult af gery en die ou karretjie lyk aardig. Boetie en die ander is net betyds om vir…ja, ek dink dit was my neef Abraham. Hulle was net betyds om hom te keer met die beeste wat hy met 'n voetpaadjie langs kortpad, afgebring het vir die volgende trip. Maar daar gaan nie 'n volgende trip wees nie. Die beeste het hulle losgemaak en in 'n kamp ingejaag en koers gekry heeltemal in 'n ander rigting.

Kyk, natuurlik het Meneer Kolver vir Pa kom sien. Die baldadige seuns moet gestraf word, maar hy kon nie sê wie presies dit was nie, want met die van die pad af ryery kon hy nie kyk wie op die skotskar is nie. Pa het natuurlik geweet, maar Boetie se storie was reg.

"Nee, Pa, ons was nie daar naby nie. Ek en James en Abraham enne…" en hy noem so 'n rits name op… "ons was besig om gousblomme vir Jessie te pluk." Jessie was ons melkkoei en die gousblomplukkery het Pa se hart net op die regte plek geraak.

Nee, as ou Kolver nou die manne kon eien was dit dalk 'n ander saak, maar hy kon nie vir pa sê wie die skuldiges was nie. Ou Kolver sou maar op 'n ander plek moes gaan soek na die skuldiges. En ek dink die arme donner soek nou nog, waar hy ookal mag wees. Foeitog.

--oOo--